SA GEMEENTE VAE

Handelinge
Dagstukkies vir 12 dae
DEEL 3
18-29 Feb 2012

Dag 29 op 18 FEBRUARIE 2012 HANDELINGE 14:1-21

Paulus en Barnabas in Ikonium

1In Ikonium het Paulus en Barnabas op dieselfde manier opgetree. Hulle het weer na die
Joodse sinagoge toe gegaan en daar gepreek, met die gevolg dat 'n groot aantal Jode en
Grieke gelowig geword het. 2Maar die Jode wat nie die boodskap wou aanneem nie, het die
gemoedere van die heidene opgesweep en hulle teen die gelowiges aangehits. 3Ten spyte
hiervan het die apostels 'n geruime tyd in die stad gebly en in vertroue op die Here onbevrees
gespreek. Die Here het ook die boodskap van sy genade bevestig deur die apostels tekens en
wonders te laat doen. 4Die inwoners van die stad was verdeeld, party vir die Jode en party vir
die apostels. 5Die heidene en die Jode saam met hulle leiers het egter oproerig begin word en
wou hulle aanrand en stenig. 6Toe die apostels dit agterkom, het hulle na Listra en Derbe en
omgewing gevlug. Dit was twee stede in Likaonië. 7Daar het hulle toe die evangelie verkondig.

Paulus en Barnabas in Listra

8In Listra was daar 'n man met gebreklike voete. Hy was van sy geboorte af verlam en kon
nooit loop nie. 9Hy het geluister terwyl Paulus praat. Paulus het stip na hom gekyk en gesien
dat hy die geloof het om gesond gemaak te word. 10Toe roep hy na hom: "Staan regop, op jou
voete!" Die man het opgespring en hy kon loop. 11Toe die mense sien wat Paulus gedoen het,
roep hulle in Likaonies uit: "Die gode het soos mense geword en het na ons toe afgekom!"
12Hulle het vir Barnabas Zeus genoem en vir Paulus Hermes, omdat hy die woordvoerder
was. 13Die priester van die Zeustempel, net buitekant die stad, het bulle en blomkranse na die
stadspoort toe gevat, en hy wou saam met die mense offers aan die apostels gaan bring.
14Toe die apostels, Barnabas en Paulus, daarvan hoor, het hulle hulle klere geskeur en tussen
die mense ingespring en geskreeu: 15"Mense, wat vang julle nou aan? Ons is maar net sulke
mense soos julle. Ons bring vir julle die goeie boodskap dat julle hierdie sinlose gode moet laat
staan en julle tot die lewende God bekeer. Dit is Hy wat die hemel en die aarde en die see en
alles wat daar is, gemaak het. 16Hy het in die verlede alle nasies toegelaat om hulle eie koers
te gaan, 17maar tog bekend gemaak dat dit Hy is wat die goeie dinge gee: Hy het vir julle reën
van die hemel af gegee en gereelde oeste; Hy het julle volop kos gegee en julle gelukkig
gemaak." 18Maar selfs met hierdie woorde kon die apostels nouliks voorkom dat die mense
aan hulle offers bring. 19Toe het daar Jode van Antiogië en Ikonium af gekom en die mense na
hulle kant toe oorgehaal. Hulle het Paulus met klippe gegooi en hom uit die stad gesleep onder
die indruk dat hy dood is. 20Daar het die gelowiges rondom hom kom staan, en hy het
opgestaan en weer die stad ingegaan. Die volgende dag het hy en Barnabas na Derbe toe
vertrek.

Om nederig te bly Sleutelvers: Hand. 14: 15-17

Ons het almal 'n behoefte na erkenning. Ons wil graag goed voel as ons iets reggekry het. Ons wil beloon word. Veral as mens swaargekry het en moes opoffer om iets reg te kry. Die probleem is dat 'n sug na waardering maklik 'n sug na mag kan word. Mens kan jou oog van die bal afhaal en erkenning, mag en selfverheerliking begin najaag.

Die omstandighede waarin Paulus en Barnabas hulle in Listra bevind, dek vir hulle die tafel vir versoeking. Nadat hulle in Antiogië in Pisidië verwerp en uit die stad gejaag is, gebeur dieselfde in Ikonium. Hulle moet vlug na die omgewing van Listra en Derbe.

Menslik gesproke draai die gety in Listra met die wonderbaarlike genesing van die verlamde man. Toe die man regop kom – opspring! – en loop, roep die mense uit dat Paulus en Barnabas gode is wat hulle kom besoek het.

Die hele omgewing is dadelik in rep en roer. Barnabas word Zeus, die hoofgod, en Paulus Hermes genoem, woordvoeder van die gode. Die priester van die Zeustempel bring bulle en blommekranse en wil saam met die mense offers aan die apostels bring. Die gety het gedraai. Skielik is daar darem 'n bietjie erkenning.

Mens voel amper jy sou Paulus en Barnabas nie kon kwalik neem as hulle dié gebeure so 'n klein bietjie wou uitbuit nie, natuurlik vir 'n goeie doel. As hulle sou wou saamspeel, kon hulle hul gode-status dalk tot voordeel van die evangelie gebruik?

Fokus op die evangelie
Paulus en Barnabas verloor vir geen oomblik hulle fokus nie. Hulle ken die Here en hulle ken die boodskap van sy nederige selfprysgawe om verlossing van sonde vir ons te werk. Hierdie boodskap stempel hulle identiteit en selfverstaan. Hulle bly die evangelie beliggaam.

Geen wonder dat Barnabas en Paulus hier byna met aggressie reageer op die heldeverering wat hulle te beurt val nie. Hulle keer vasberade dat hulle in die sentrum van die mense se gedagtes kom staan. Dit gee ook die regte perspektief op die plek van wonders en tekens – as dit nie die fokus op God plaas nie, is die gevaar van hoogmoed en magsvertoon lewensgroot. In hulle impromptu toespraak beklemtoon hulle dat hulle gewone mense is. Die eer vir die wonderwerk kom God toe. Die goeie boodskap van hierdie God is dat mense hulle sinlose gode (en hul self-verafgoding) moet laat staan, en hulle tot God bekeer. Dit is Hy wat as Skepper vir sy skepsels sorg en vir hulle goeie dinge gee.

Hulle skuif in nederigheid, met groot moeite, die aandag weg van hulleself en na God toe.
In hulle optrede wys Paulus en Barnabas vir ons hoe 'n nederige lewenstyl werk.

'n Musiek liefhebber het eenmaal die groot komponis Johannes Brahms onverwags ontmoet. Toe hy Brahms herken het hy vir Brahms gevra om 'n kort stukkie van 'n beroemde musiekstuk vir hom neer te skryf en dit dan te teken, sodat hy dit as 'n aandenking van sy ontmoeting met Brahms kan vertroetel.

Brahms het 'n pen en papier geneem en die eerste balke van Die Blou Donou van Johann Strauss neergeskryf en dit geteken: "Ongelukkig nie deur my nie, Johannes Brahms." Hoe groot Brahms se bydrae tot die musiekskat is, kies hy doelbewus om die fokus op Johann Strauss te laat val.

Die Christelike keuse is om die fokus op God te laat val en jouself vanuit die blik op God te verstaan. Hierdie God gee reën, goeie oeste, gawes en talente – mens kan daarom bekostig om nederig oor jouself te dink en die eer aan God te bring.

Hoe God nederigheid in ons lewe inweef. Hoe groei 'n mens prakties in nederigheid?

'n Aangrypende Verhaal : William Farley vertel hoedat hy 'n dieper verhouding met God begeer het, en veral aangespreek was deur Jesaja 66:2: "Ek het alles gemaak en so het alles ontstaan, sê die Here. Ek slaan ag op die mens in nood, op dié een wat berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my woord." Letterlik staan daar: "Ek gee ag op hom wat arm is en verslae van gees" – woorde wat aan die bekende Saligsprekinge herinner.

Farley kon egter nie verstaan wat die konneksie tussen "ontsag vir die Here se woord" en "leeg aan jouself, verslae, arm van gees" is nie. Hy wou sy lewe oriënteer aan God se Woord, hy wou doen wat God sê, met God as die sentrum van sy lewe. Hoe maak dit jou leeg aan jouself? Nederig? Daarom het hy gebid dat die Here hierdie versie 'n konkrete werklikheid vir hom sou maak.

Vyf dae later ry hy en sy vrou teen die kus. So in die ry dink hy na oor 1 Kor. 13:12: “Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.” Weer bid hy, hierdie keer om te vra: “Here, help my om myself te sien soos U my sien.”

So in die ry begin hy bewus raak van die verband tussen Jesaja 66:2 en 1 Kor. 13:12. “As jy jouself kan sien soos God jou sien, sal dit jou help om nederig voor God te lewe en ontsag te hê vir die lering van sy Woord,” dink hy. Maar hoe werk dit? Hoe groei hierdie nederige afhanklikheid van God in jou lewe.

Skielik begin sy vrou te praat oor ’n fliek waarvan sy baie hou. Haar opgewonde gesprek dwing hom uit sy diep meditasie. Farley is dadelik geïrriteerd. Hy snou sy vrou iets toe oor haar ligsinnige geklets. Meteens hoor hy amper glashelder ’n stem wat sê: “Daar is dit!” Drie lewensveranderende woorde.

Hy weet skielik dit is God wat gepraat het. “Daar is dit!” “Maar wat is ‘dit’ Here,” bid hy. Skielik weet hy. “Dit” is sy hoogmoed en geestelike aanstellerigheid. “Dit” is sy trots oor sy insigte en sy sogenaamde hoë geestelike stand. Skielik sien hy sy hoogmoed en arrogansie in die lig van God se volmaakte, self-ontledigende liefde. Hy sien sy sondigheid in die lig van God se waarheid.

Nederigheid, geestelike leegheid, diensbaarheid en openheid om op die regte pad deur die Woord gelei te word, word gebore wanneer mens jouself deur God se oë leer sien. Bewus van sy eie sondigheid, vertel Farley, is hy net daar in die motor ook oorval deur die besef van God se groot liefde vir hom. Sy hele lewe lank al het die Here hom lief, ten spyte van sy sonde. Hoe pynlik dit was om sy aanstellerige hoogmoed te ontdek, net so roerend was dit om God se diepe liefde te beleef.

Vanuit die ervaring van God se liefde is ’n nuwe nederigheid, ’n leegheid en afhanklikheid, in Farley gebore.

Doelbewuste keuse vir nederigheid
Paulus en Barnabas se doelbewuste keuse om nie te val vir die versoeking om gode-speletjies uit te haal nie, laat God toe om God te wees. Dit laat die evangelie van verlossing toe om die bron van hoop te wees. En dit help hulle om doelgerig te bly fokus op hul taak in die proses: om God se getuies te wees.

Mag die Here hierdie nederigheid elke dag in ons lewens inweef.

Gebed : Here Jesus, U is die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het U ons deur U bloed van ons sondes verlos en ons U koninkryk gemaak, priesters vir God ons Vader. U is die Alfa en die Omega, U wat is en wat was en wat kom, die Almagtige (Openb.1:[5-8]). Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep (Openb.4:[11]). Groot en wonderbaarlik is U dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies. Wie sal U nie vrees nie, Here, en U Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat U handelwyse regverdig is (Openb.15:[3-4]).

Heilige Gees ek vra diep afhanklik, verlig my denke om U Woord te bestudeer en open my hart om meer van Jesus in die Skrif te verstaan. Help my om wat ek leer, uit te leef en om U met my ganse hart te prys en U heilige naam te verheerlik. Ek bid dat U vrug in my lewe sigbaar sal word. Die vrug van liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, 23 nederigheid en selfbeheersing. Gal 5:[22]

Dag 30 op 19 FEBRUARIE 2012 HANDELINGE 14:21-28

Paulus en Barnabas keer na Antiogië in Sirië terug

21Paulus en Barnabas het die evangelie ook in Derbe verkondig, en baie mense het daar gelowig geword.

Daarna het hulle na Listra, Ikonium en Antiogië toe teruggegaan. 22Hulle het die gelowiges geestelik versterk en hulle aangespoor om getrou te bly in die geloof. “Ons sal eers deur baie verdrukking moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom,” het hulle gesê.

23In elke gemeente het hulle ouderlinge gekies. Nadat die gemeente gebid en gevas het, het die apostels hulle opgedra aan die Here, in wie hulle nou geglo het.

24Die apostels het verder deur Pisidië na Pamfilië toe gegaan. 25Daar het hulle in Perge die woord verkondig en daarna na Attalië toe vertrek. 26Daarvandaan is hulle met ’n skip terug na Antiogië toe, waar hulle aan die genade van God opgedra was vir die werk wat hulle nou voltooi het. 27By hulle aankoms het hulle die gemeente bymekaargeroep en vir hulle vertel wat God alles deur hulle gedoen het en dat Hy vir die heidene die deur van die geloof oopgemaak het. 28Die apostels het ’n geruime tyd daar by die gelowiges deurgebring.

Geloof kom net tot sy reg as mense in ’n geloofsgemeenskap tot hulle reg kom. Jesus het nie ’n boek nagelaat nie, maar ’n geloofsgemeenskap. Hy gee aan ons die opdrag om altyd-uitbreidende geloofsgemeenskap te skep: “Gaan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels, leer hulle…, bind hulle saam....” (Matt 28:20) Die boek Handelinge vestig hierdie patroon oor en oor. Barnabas beliggaam hierdie patroon op ’n besondere wyse in sy bedieningspatroon.

Wat Paulus en Barnabas as voorbeeld nalaat

Barnabas en Paulus verkondig die evangelie en mense reageer daarop. Oral is daar mense wat tot geloof kom. Vgl. bv. 14:21. Letterlik staan hier dat mense gekies het om dissipels te word (wat die NAV met “gelowig word” vertaal).

Duidelik is die lei van mense tot geloof in die Here Jesus nie die einde van die geloofspad nie. Dit is nie die finale doel van evangelieverkondiging nie. Dit is noodsaaklik dat mense, wat kies vir geloof en dissipelskap, saamgebind moet word in nuwe geloofsgemeenskap, d.w.s. in die gemeentelike lewe. Barnabas en Paulus doen daarom drie dinge:

Een: Hulle spel die eise van dissipelskap uit

Derbe is die omdraaiplek vir die eerste reis. Barnabas en Paulus gaan nou as’t ware op hulle spore terug en besoek die nuwe gelowiges. Volgens vers 22 het hulle hul versterk en hulle aangespoor om getrou te bly in die geloof. “Ons sal eers deur baie verdrukking moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom,” was die boodskap (23).

Twee: Hulle versterk die onderlinge gemeenskap

Ons is vandag gewoond aan sosiale media, soos Facebook, waarmee mense saamgebind kan word. Paulus en Barnabas se besoeke het so ’n sosiale saambindende en versterkende funksie gehad. Dit was soos Facebook op steroïde. Hierdie patroon sou telkens in die toekoms herhaal word (Hand 15:36, 41; 16:1).

Drie: Hulle kies leiers om verantwoordelikheid vir die Woordverkondiging en die leiding van die gemeente te neem

Spesifieke leiers word verkies om verantwoordelikheid vir die gemeente te neem. In elke gemeente is ouderlinge aangewys (23). Daar word dus ’n struktuur geskep wat die dien van die Here (dissipelskap) en die geestelike gemeenskap in stand kon hou deur ’n doelgerigte gemeentelike struktuur.

Beskerm die evangelie

'n Bedieningspraktyk wat fokus op dissipelskap, gemeenskap en evangeliese leiding beskerm die prosesse wat aan die gang gekom het in antwoord op die evangelie.
Dit is vandag nog waar. Ons kan nie as gemeente optimaal funksioneer sonder 'n fokus op dissipelskap, gemeenskap en evangelie-gerigte strukture nie.

Groei oor grense, gedeelde taal en saamwees
Israel Galindo help ons in sy boek, *Hidden Lives of Congregations,* om hierdie grondplan van Handelinge konkreet te maak. Hoe vorm 'n gemeente ***geloofs***gemeenskap:

- waar die geloof van sy lede tot 'n lewenstyl gevorm word én
- waar die geloofsgemeenskap uitreik na ander mense om deur getuienisse en diens ook ander se geloof te vorm?

Die wyses waarop dit die beste gebeur, sê Galindo, is nie deur goeie administrasie en kursusse en aanbiedinge nie, maar deur die ***beoefening*** van gemeenskap (fellowship), deur geloofsgemeenskap met mekaar te hê. Dit is hierdie beoefening van geloofsgemeenskap wat 'n mens 'n "behoort" ervaring gee! Dit is wanneer jy deelneem aan die gemeenskap wat jy ervaar dat jy daar hoort!

Galindo maak die stelling dat daar eintlik net twee goed is wat in só 'n gemeenskap belangrik is:

1) **'n Gedeelde taal** en
2) **om Saam te wees.**

Waar 'n gemeenskap geleer word om dieselfde geloofstaal te leer praat, dieselfde gebruike as geloofsgemeenskap aan te leer, en dit goed genoeg bemeester om dit ook te deel met mense buitekant die gemeente – dán funksioneer hulle as 'n gesonde geloofsgemeenskap. En daarvoor is saamwees nodig – gereeld, voortdurend, onophoudelik.

Gebed vir ons gemeente
Here U het ons kom oprig om 'n biddende gemeente te wees in die UAE. Ons dank U daarvoor. Ons kan niks sonder gebed vermag nie en ons bely dit onomwonde. Ons kom vra diep nederig: "Here Jesus help ons om kragtiger te groei in 'n lewe en gemeente van gebed. Ons vra vir U leiding in die uitbreiding van hierdie bediening. Ons vra vir die krag, volharding, insig en wysheid dat U U kinders sal op te rig om bidders te wees, intersessors, wat die koninkryk deur gebed help groei. Ons bid Here Jesus dat U in ons gemeente se harte 'n diepe verlange sal wek en daardie verlange brandend sal hou om soos U gereeld die intieme liefdesgemeenskap/gebed met die Vader te soek.

VADER EK BID VIR DIE EREDIENSTE HIERDIE NAWEEK: EK BID DAT U DIE VOORBEREIDING EN DIE WOORDBEDIENING SAL SEËN.

Dag 31 op 20 FEBRUARIE 2012 Handelinge 15:1-35

Die vergadering in Jerusalem

1Daar het mense van Judea af gekom en die gelowiges wysgemaak: “As julle nie die gebruik
van Moses nakom deur julle te laat besny nie, kan julle nie gered word nie.”
2Toe Paulus en Barnabas hulle daarteen verset en in ’n heftige meningsverskil met hulle
betrokke geraak het, is daar besluit dat hulle twee en nog ’n paar ander van die gemeente na
die apostels en ouderlinge in Jerusalem moet gaan in verband met hierdie vraagstuk.
3Nadat die gemeente hulle van die nodige vir die reis voorsien het, het hulle deur Fenisië en
Samaria gegaan en vertel van die bekering van die heidene. Hieroor was al die gelowiges baie
bly.
4Toe hulle in Jerusalem aankom, is hulle deur die gemeente, die apostels en die ouderlinge
verwelkom. Hulle het vertel wat God alles deur hulle gedoen het, 5maar party van die
gelowiges wat vroeër Fariseërs was, het na vore gekom en gesê: “Die bekeerlinge moet besny
word en aangesê word om die wet van Moses te onderhou.”
6Die apostels en die ouderlinge het toe bymekaargekom om hierdie vraagstuk te bespreek.
7Na ’n lang bespreking het Petrus opgestaan en vir hulle gesê: “Broers, julle weet dat God my
lankal uit julle geledere gekies het om die evangelie aan die heidennasies te verkondig sodat
hulle kan glo. 8En God, wat die harte ken, het dit bevestig deur die Heilige Gees aan hulle te
gee net soos aan ons. 9Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie: Hy het ook
hulle harte deur die geloof gereinig. 10Waarom wil julle dan nou God se geduld op die proef
stel deur op die nek van die gelowiges uit die heidennasies ’n juk te lê wat ons voorvaders nie
in staat was om te dra nie en ons ook nie? 11Nee! Ons, en ook hierdie gelowiges, glo dat ons
net deur die genade van die Here Jesus gered word.”
12Daarna het al die mense stilgebly en na Barnabas en Paulus geluister. Hulle het vertel van
die tekens en wonders wat God deur hulle onder die heidennasies gedoen het.
13Toe hulle klaar was, sê Jakobus: “Broers, luister na my! 14Simon het verduidelik hoe dit
God self is wat begin het om na die heidennasies om te sien deur vir Hom ’n volk uit hulle te
versamel. 15Die profete sê dieselfde. Daar staan geskrywe:
16Daarna sal Ek terugkom, en Ek sal die vervalle huis van Dawid weer opbou, en Ek sal sy
bouvalle herstel en dit weer regmaak, 17sodat al die ander mense die Here kan soek, ja, al die
heidennasies wat Ek geroep het om my eiendom te wees, sê die Here wat hierdie dinge doen.
18“Dit is van ouds af bekend. 19Daarom meen ek dat ons dit nie moeilik moet maak vir die
heidene wat hulle tot God bekeer nie. 20Maar ons moet vir hulle skrywe om nie vleis te eet wat
aan ’n afgod geoffer is nie, want dit is onrein; dat hulle onsedelikheid moet vermy, geen dier wat
verwurg is, moet eet nie, en ook nie bloed nie. 21Hierdie voorskrifte van Moses word immers
van ouds af in elke stad aan die mense voorgehou. Elke sabbatdag word dit in die sinagoges
voorgelees.”

Die besluit van die vergadering

22Daarna het die apostels en die ouderlinge saam met die hele gemeente besluit om mense
uit hulle geledere saam met Paulus en Barnabas na Antiogië toe te stuur. Hulle het vir Judas,
wat ook Barsabbas genoem is, en vir Silas gekies, manne wat die agting van die gelowiges
geniet het. 23Hulle het die volgende brief saamgestuur:

“Van die apostels en die ouderlinge, julle broers.
Aan die gelowiges uit die heidendom in Antiogië, Sirië en Silisië.
Groete.

24Ons het gehoor dat daar mense van ons af gekom het wat julle verwar en ontstel het deur
dinge te sê waarvoor hulle geen opdrag van ons ontvang het nie. 25Daarom het ons
eenparig besluit om manne te kies en na julle toe te stuur. Hulle vergesel ons geliefde

Barnabas en Paulus, 26wat hulle lewe gewaag het vir die Naam van ons Here Jesus Christus. 27Ons stuur nou vir Judas en Silas om ook mondeling hierdie dinge aan julle oor te dra. 28Die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê as net hierdie noodsaaklike dinge nie: 29dat julle nie vleis moet eet wat aan 'n afgod geoffer is nie, ook nie bloed nie en ook geen dier wat verwurg is nie, en dat julle onsedelikheid moet vermy. As julle julle van hierdie dinge weerhou, doen julle reg. Hartlike groete."

30Die afgevaardigdes het afskeid geneem en na Antiogië toe gegaan. Daar het hulle al die gelowiges bymekaar laat kom en die brief oorhandig. 31Die gelowiges het dit gelees en was baie bly oor die bemoedigende boodskap. 32Judas en Silas, wat self ook profete was, het lank met die gelowiges gepraat en hulle bemoedig en geestelik versterk. 33Nadat Judas en Silas geruime tyd daar gebly het, het hulle teruggegaan en die groete van die gelowiges oorgedra aan dié wat hulle afgevaardig het.

35Paulus en Barnabas het 'n tyd lank in Antiogië gebly en saam met baie ander onderrig gegee en die woord van die Here verkondig.

Die eerste sinode Sleutelverse: Hand. 15:7-11

Die kerk hou van vergaderings: van kommissies tot kerkrade tot ringe tot sinodes en algemene kerkvergaderings. Partykeer vergader ons onsself skoon uitasem oor onbelangrike dinge terwyl die eintlike werk in die wingerd van die Here skade lei. Een kerkvergadering wat anders verloop het, was die eerste amptelike "sinode" van die kerk in Jerusalem.

Die rede vir hierdie vergadering was 'n klompie Jode wat vroeër in Antiogië opgedaag en vir die Christene daar vertel het dat hulle hulle moes besny. So nie, sou hulle nooit die hemel sien nie.

Hierdie vergadering was sekerlik die belangrikste vergadering ooit in die kerk, want daar is besluit om met alle tradisies en rituele – soos die besnydenis – te breek. Geloof alleen is genoeg om mens in die regte verhouding met God te bring.

Ongelukkig het die Christendom spoedig vergeet wat daar in Jerusalem besluit is en weer in allerlei mensgemaakte tradisies verstrengel geraak. Daarom moes iemand soos Martin Luther later tydens die Reformasie so sterk opstaan teen die kerk van sy dag. Hy het weer kom sê wat die vroeë kerk gesê het, naamlik: "Deur geloof alleen."

Daar is geen plusse by die evangelie nie. Net Jesus red 'n mens. Elkeen wat dit glo, se pad by God is skoon en gelyk. Geen doopwater, of gereelde kerkbesoek, of groot bydraes aan die kerk bring mens in die regte verhouding met God nie. Nee, geloof alleen. Dit is wat by Hom saak maak.

Christus het ons vrygemaak van alle rituele en wette. Deur geloof in Hom kan ons met groot vrymoedigheid voor God lewe.

Gebed: Here Jesus Christus, hoor ons gebed, vir die krag van die Heilige Gees...in ons gemeente:

- Dat ons die Heilige Gees sal ken (Joh.14:17).
- Dat die Heilige Gees die Kerk sal bekragtig om getroue, effektiewe getuies te wees (Hand.1:8).
- Dat die Heilige Gees ons in die volle waarheid sal lei (Joh.16:13).
- Dat die Heilige Gees se gawes in die Kerk herstel sal word en gebruik sal word vir koninkrykswerk (Heb.2:4).
- Dat die Heilige Gees die prediking van die Woord sal bevestig met tekens en wonders (Rom.15:19)

Vader ek bid dat U in ons gemeente meer leiers sal oprig wat op al die areas van gemeentelewe leiding sal neem en die kerk help groei in 2012. Ons bid vir leiers op die vlak van die Woordbediening, selgroepe, jeugkerk, vrouediens, gemeentebestuur, evangelisasie en barmhartigheid. Ek bid ook vir wyshedi vir ons leiers om U gemeente na 'n volgende vlak te neem in die volgende 5 jaar van ons bestaan. Ons bid vir wysheid vir ons leiers om die pad van hierdie gemeente duidelik volgens U wil te kan loop en mense met hulle saam te neem.

Dag 32 op 21 FEBRUARIE 2012 Handelinge 15:36-16:5

Tweede sendingreis: Paulus en Barnabas skei van mekaar

36'n Tydjie later het Paulus vir Barnabas gesê: "Kom ons gaan kyk hoe gaan dit met die gelowiges in al die stede waar ons die woord van die Here verkondig het."

37Barnabas wou vir Johannes, wat ook Markus genoem is, met hulle saamneem. 38Maar Paulus het gedink dit is nie reg om die man saam te neem wat hulle in Pamfilië verlaat het en nie enduit die werk saam met hulle gedoen het nie. 39Hieroor het hulle so skerp verskil dat hulle van mekaar geskei het. Barnabas het toe vir Markus geneem en met 'n skip na Siprus toe vertrek. 40Paulus het vir Silas gekies en vertrek, nadat hulle deur die gelowiges aan die genade van die Here toevertrou is. 41Hy het deur Sirië en Silisië gereis en die gemeentes geestelik versterk.

Timoteus sluit by Paulus aan

Paulus het in Derbe gekom en daarna in Listra. Dáár was 'n gelowige met die naam Timoteus. Sy ma, ook 'n gelowige, was 'n Joodse vrou en sy pa 'n Griek. 2Die gelowiges in Listra en Ikonium het net goed van hom gepraat. 3Omdat Paulus vir Timoteus met hom wou saamneem, het hy hom besny. Dit het hy gedoen ter wille van die Jode wat in daardie gebied gewoon het, want hulle het almal geweet sy pa is 'n Griek.

4Soos hulle van stad tot stad gereis het, het hulle die besluite wat die apostels en ouderlinge in Jerusalem geneem het, aan die gelowiges oorgedra en hulle beveel om daarvolgens te handel. 5So is die gemeentes in die geloof versterk, en die getal gelowiges het by die dag groter geword.

Konflik in die koninkryk Sleutelverse: Hand. 15:36-40

Hou jy ook van beginselvaste mense? Van persone wat deur dik en dun by hulle oortuigings staan en ook nie skaam is om dit te sê nie? Paulus was so 'n man. Vir hom het net een saak getel, naamlik die evangelie van Christus. As 'n man bereid is om met klippe gegooi te word en beledig te word vir dit waarvoor hy staan, dan moet hy sterk oortuigings hê.

Paulus se beginselvastheid het hom nie net in die moeilikheid met ongelowiges laat beland nie. Selfs binne die kerk het dit van hom 'n omstrede persoon gemaak. Dit was deur sy toedoen dat die groot kerkstryd oor die besnydenis ontstaan het wat uiteindelik by die sinode van Jerusalem opgelos is.

Kort daarna het Paulus met Barnabas gebots oor Johannes Markus as metgesel vir hulle tweede sendingreis. Paulus het nie lus gehad om helpers saam met hom te vat wat gou koue voete kry nie. Hy was op soek na manne op wie hy kon reken. Die uiteinde was dat hulle paaie geskei het. Nóg Paulus, nóg Barnabas wou kop gee.

Konflik kom ook in die koninkryk voor. Dieselfde Paulus wat daardie aangrypende hoofstuk oor die liefde kon skryf (vgl. 1 Kor. 13), is ook die man wat nou nie bereid was om kompromieë oor die werk van die Here te maak nie. Hy sou eerder bande met sy kollega verbreek as om 'n halfhartige sendingpoging aan te pak.

Gelukkig het Paulus en Markus later vrede gemaak. Ons lees in Kolossense 4 hoe Paulus aan sy geliefde kind, Markus, groete stuur.

Partykeer is konflik onvermydelik. Wanneer dit oor beuselagtighede gaan, is dit hartseer. Maar wanneer dit te doen het met die eer van die Here, dan moet dit maar gebeur. Solank mens dan nog steeds waardig optree. Bid vir baie wysheid in sulke omstandighede.
Ware wysheid is om te weet wanneer om van ander te verskil, en wanneer om stil te bly.

Vader ons kom bid vandag vir Eenheid in ons gemeente

– Dat U die God van geduld en bemoediging ons die vermoë sal gee om eensgesind te leef, sodat ons die God en Vader van ons Here Jesus Christus eendragtig uit een mond, kan verheerlik (Rom.15:5,6).

– Dat die Kerk eensgesind, medelydend, vol liefde en ontferming en nederig sal wees (1Pet.3:8).

DAG 33 OP 22 FEBRUARIE 2012 HANDELINGE 16:6-15

Die gesig in Troas

6Hulle het daarna deur die gebied van Frigië en Galasië gereis, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om die woord in die provinsie Asië te verkondig. 7Toe hulle by die grens van Misië kom, het hulle na Bitinië toe probeer gaan, maar die Gees van Jesus het hulle dit nie toegelaat nie. 8Hulle het toe deur Misië gereis en na Troas toe gegaan. 9Daar het Paulus in die nag in 'n gesig 'n Masedoniese man gesien wat by hom staan en hom smeek: "Kom oor na Masedonië toe en help ons."

10Nadat Paulus die gesig gesien het, het ons so gou as moontlik gereed gemaak en na Masedonië toe vertrek, omdat ons tot die oortuiging gekom het dat God ons geroep het om die evangelie aan hulle daar te verkondig.

Lidia se bekering

11Ons het van Troas af weggevaar en reguit koers gehou na Samotrake toe en die volgende dag na Neapolis toe. 12Daarvandaan is ons na Filippi toe, 'n belangrike stad in daardie deel van Masedonië en ook 'n Romeinse kolonie. In hierdie stad het ons 'n paar dae gebly.

13Op die sabbatdag is ons na die rivier toe buitekant die stadspoort, omdat ons gedink het daar sou 'n Joodse bidplek wees. Ons het gaan sit en met die vroue gepraat wat daar bymekaar was. 14Een van dié wat geluister het, was 'n vrou met die naam Lidia, wat die Joodse geloof aangeneem het. Sy het handel gedrywe met pers wolmateriaal en was van Tiatira afkomstig. Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak. 15Sy en haar huisgesin is toe gedoop. Daarna het sy ons uitgenooi en gesê: "Aangesien julle daarvan oortuig is dat ek in die Here glo, kom gaan by my tuis."

En sy het ons oorreed om dit te doen.

Om U wil te ken Handelinge 16:6-10

In hierdie gedeelte sien ons hoe: Paulus, Silas, Timoteus en dalk Lukas oppad was om die storie van Jesus en wat Hy op Golgota gedoen het, vir mense te gaan vertel, vir mense wat dit nog nie gehoor het nie.

Dit is belangrik dat ons verstaan; hulle was oppad is om 'n goeie ding te gaan doen, Jesus het mos gevra dat ons wat die storie ken dat ons dit sal deel met mense wat dit nie ken nie. MAAR dan gebeur daar 'n vreemde ding... die Bybel sê die Heilige Gees het hulle gekeer.

Niemand verstaan waarom die Heilige Gees hulle gekeer het om na daardie spesifieke plekke toe te gaan (soos hulle beplan het nie). MAAR God se Gees het hulle 2 maal gekeer om te gaan waarheen hulle wou gaan.

Toe kry Paulus 'n spesiale droom van God af. Na hierdie droom het hulle seker geweet waarheen God wou hê hulle moet gaan.

1. Dit is die eerste belangrike van ons teksgedeelte: God gee Sy Heilige Gees vir Sy kinders om hulle te help, lei & beskerm. God se Gees het nie ophou werk in mense, toe die Bybel klaar geskryf is nie. God se Gees is vandag nog dieselfde en bly in elkeen van ons wat God se kinders is. God se Gees werk nogsteeds in ons.

    - 'n Belangrike vraag is dalk, hoe? Hoe werk God se Gees in ons, hoe praat God met ons deur Sy Gees en hoe kan ons seker wees dit is God wat met ons praat. Al glo ons dat God Sy Gees (die Heilige Gees) vir ons gee sodat Hy ons kan help, lei en beskerm... beleef ons nie altyd dat God se Gees by ons is nie of ons is nie seker wanneer God deur

Sy Gees met ons praat nie.

In die ou dae voor GPS'e en ander tegnologie wat skepe gehelp het om in die donker of mistige weer in 'n hawe of kanaal in te vaar was daar 'n stel van ligte wat wanneer hulle (van die bood af gesien) almal inlyn met mekaar was vir dit skepe die teken gegee dat hulle nou op die regte koers is om veilig in die hawe of kanaal in te kom...
God gebruik ook verskillende ligte om ons ook te help:

- die eerste, grootste, belangrikste lig is: die Bybel
- God praat ook met ons in ons hart (deur wat ons voel) / kop (deur wat ons dink)
- God gebruik ook medegelowiges se insette
- omstandighede (deur wat ons sien)

Vir ons om ingestel te wees om God se stem te hoor moet ons:

- Hom ken,
- tyd saam met God deurbring, want
- hoe meer ons by God kuier, hoe beter sal ons Hom ken
- en hoe makliker sal ons Sy stem herken.

In ons gesprek oor die gemeente se roeping is daar 'n paar dinge wat van groot belang is om te hoor en voor te bid.

1. Soos God vir Paulus-hulle gebruik het om Jesus se storie vir mense te vertel, wil God ons gemeente gebruik. Hy wil ons gemeente gebruik om Jesus se storie vir die UAE te vertel.
2. Soos wat God vir Paulus-hulle 'n spesifieke plek en 'n spesiale plan gehad het, het God vir ons gemeente ook 'n spesifieke plek waar Hy wil hê ons moet werk en 'n spesiale plan met ons. Dit is hoekom hierdie tyd in ons gemeete so belangrik is en ons oor 'n Handelinge 29 kerk praat, sodat ons almal by God kan stilword, sodat ons daardie plek en plan by God kan hoor.

Die laaste belangrike opmerking oor ons teksgedeelte – God het met *Paulus-hulle* gepraat (let op, hulle). God se Gees is in elkeen van ons – daarom moet ons, saam luister – sodat ons God se stem kan hoor. Hoe langer ons luister, hoe beter sal ons hoor.

Vader opnuut kom kniel ons in gebed om U aangesig te soek vir dit wat op hart is vir ons gemeente. Ons pleit diep afhanklik Here Jesus

- Maak asseblief U hartklop vir ons gemeente bekend…openbaar U planne dat U gemeente leiers duidelik sal hoor en uitvoer wat U vir hulle wys.
- Maak ons tog 'n biddende gemeente asseblief Here. 'n Gemeente vir wie intimiteiet met die drie-enige God 'n prioriteit is.
- vir die uitbreiding van selgroepe in ons gemeente. Ons weet hoe bitter nodig dit is vir elkeen om in 'n selgroep ingeskakel te wees.
- Vir 'n kragtige jeugbediening in ons gemeente om ons jeug toe te rus en ook dat hulle sal kom.

Vader ek bid vir die eredienste hierdie Vrydag en Sondag: Ek bid dat U ons gemeente sal oprig om te kom luister na U Woord. Ek bid dat elkeen 'n ontmoeting met U sal beleef en dat U waarlik verheerlik sal word in Woord, sang en gebed. Ek vra ook dat U vir elke dominee wat die Woord bedien kragtig sal gebruik en dat U Gees deur hulle sal werk. Berei asseblief ook my hart om U in die erediens te ontmoet.

Dag 34 op 23 FEBRUARIE 2012 Handelinge 16:16-40

In die tronk in Filippi

16Terwyl ons eendag na die bidplek toe op pad was, het ons ’n slavin teëgekom in wie daar ’n waarsêergees was. Deur waarsêery het sy vir haar eienaars baie geld verdien. 17Sy het agter Paulus en ons aangeloop en aanhoudend geskreeu: “Hierdie mense is dienaars van God, die Allerhoogste! Hulle vertel vir julle hoe julle gered kan word.”

18Sy het dit baie dae na mekaar gedoen totdat Paulus dit nie langer kon hou nie. Hy het omgedraai en vir die gees gesê: “Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus: Gaan uit haar uit!”

Die gees het op daardie selfde oomblik uit haar uitgegaan.

19Toe haar eienaars sien dat sy nie meer geld vir hulle kan inbring nie, het hulle vir Paulus en Silas gegryp en hulle na die owerheid toe op die stadsplein gesleep. 20Hulle het hulle voor die stadsbestuur gebring en gesê: “Hierdie mense is Jode wat moeilikheid maak in ons stad. 21Hulle wil vir ons gebruike leer wat ons as Romeine nie kan aanvaar of navolg nie.”

22Die skare het ook teen hulle gekant geraak. Die stadsbestuur het toe hulle klere van hulle laat afskeur en beveel dat hulle lyfstraf moet kry. 23Nadat hulle baie geslaan is, is hulle in die tronk gegooi, en die bewaarder het opdrag gekry om hulle streng te bewaak. 24Op hierdie bevel het hy hulle in die binneste sel opgesluit en hulle voete in die houtblok vasgeklem.

25Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing. Die ander gevangenes het na hulle geluister. 26Skielik kom daar ’n groot aardbewing wat die fondamente van die tronk geskud het. Al die deure van die tronk het onmiddellik oopgegaan, en al die gevangenes se boeie het losgeraak. 27Die bewaarder het wakker geskrik, en toe hy die deure van die tronk sien oopstaan, het hy sy swaard uitgetrek om homself om die lewe te bring, want hy het gedink die gevangenes het ontsnap. 28Maar Paulus het baie hard vir hom geskreeu: “Moenie jouself doodmaak nie! Ons is nog almal hier.”

29Toe het die bewaarder ’n lig gevra, die sel ingestorm en bewend voor Paulus en Silas neergeval. 30Hy het hulle buitekant toe gevat en gevra: “Menere, wat moet ek doen om gered te word?”

31Hulle antwoord hom: “Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.”

32Hulle het toe die woord van die Here aan hom en aan al die mense in sy huis verkondig. 33Op daardie uur van die nag het hy vir Paulus en Silas geneem en hulle wonde gewas. Hy en al sy mense is daar en dan gedoop. 34Toe bring hy hulle na sy huis toe en sit vir hulle ’n ete voor. Hy en sy hele gesin was vol blydskap omdat hulle nou in God geglo het.

35Die volgende môre het die stadsbestuur polisie gestuur met die boodskap: “Laat daardie mense los.”

36Die bewaarder het toe die boodskap aan Paulus oorgedra en gesê: “Die stadsbestuur het laat weet dat julle losgelaat moet word. Julle kan nou gaan, en voorspoed op julle reis!”

37Maar Paulus sê vir die polisie: “Ons is sonder verhoor in die openbaar geslaan en in die tronk gestop, ons wat Romeinse burgers is. En nou wil hulle ons stilletjies hier wegkry. O nee! Laat hulle self kom en ons uitlei.”

38Die polisie het dit toe vir die stadsbestuur gaan vertel. Dié het groot geskrik toe hulle hoor dit is Romeinse burgers. 39Hulle het gegaan en om verskoning gevra, hulle uit die tronk uitgelei en hulle versoek om die stad te verlaat.

40Nadat hulle uit die tronk gekom het, is hulle na Lidia se huis toe, waar hulle die gelowiges gesien en bemoedig het. Daarna het Paulushulle vertrek.

Lof in die tronk Sleutelvers: Hand. 16:25

In die tyd toe Paulus op aarde was, was tronke skrikwekkende plekke. As jy hier beland het, was dit net een stuk lyding: swak higiëniese toestande, min kos, marteling ...

Paulus en sy helper Silas het in Filippi in die tronk beland. Dit was nadat Paulus 'n bose gees uit 'n meisie uitgejaag het wat agter hulle aan geloop en skree het. Haar eienaars het hulle toe voor die stadsvaders aangekla as moeilikheidmakers. Die gevolg: 'n groot drag slae en tronkstraf vir Paulus en Silas.

Wat sou jy gedoen het as jy in Paulus se skoene was daardie nag met 'n lyf seer van al die houe en swaar boeie om jou voete? Ek sou waarskynlik gewonder het of dit alles die moeite werd was. Miskien sou ek selfs my bedanking as sendeling uitgeskryf het en aan die Here oorhandig het. Maar Paulus en Silas begin lofliedere sing.

Kan jy jou die prentjie voorstel? Twee mishandelde manne in die tronk wat in die middel van die nag hulle stemme tot God verhef en Hom loof en prys. Ongelooflik!

Selfs God was deur hulle liedere aangegryp. Sy applous het die tronk laat bewe sodat die boeie van Paulus-hulle afgeval het. Dit het die geharde tronkbewaarder in groot benoudheid gehad. Sy kop was nou op die blok. Daarom het hy in desperaatheid probeer selfmoord pleeg. Gelukkig het Paulus hom daarvan laat afsien.

Daar in die tronk het Paulus die evangelie met die wag gedeel, sodat hy tot bekering gekom het. Daarna het hulle hom na sy huis vergesel waar sy huisgesin ook gedoop is. Om alles te kroon, het Paulus-hulle daarna weer teruggegaan tronk toe. Hulle wou nie dat die bekeerde tronkwag sy werk verloor nie. En, soos Lukas vir ons vertel, is hulle later deur die stadsvaders uit die stad begelei.

Paulus se geloof en vreugde midde-in sy swaarkry het ongelooflike gevolge gehad. Kom ons leer vandag by hom om God onder alle omstandighede te loof. Dinge verander wanneer ons dit begin doen.

Vader ons kom bid vir ons gemeente om verander te word in die gelykenis van Christus

– Dat Christus in ons harte deur geloof sal woon (Ef.3:17).
– Dat ons deur die beloftes van God deelgenote sal word van die goddelike natuur (2Pet.1:4).
– Dat almal van ons tot die eenheid van die geloof sal kom en tot die kennis van die Seun van God, tot volkome volwassenheid, tot die mate van die volheid van Christus. Ef.4:13).
– Dat Christus in ons gestalte sal verkry (Gal.4:19).
– Dat ons nie aan die wêreld gelykvormig sal wees nie, maar verander sal word deur die vernuwing van ons gedagtes (Rom.12:2).
– Dat ons almal wat met onbedekte gesigte die heerlikheid van die Here aanskou, van heerlikheid tot heerlikheid, deur die Heilige Gees, verander sal word. (2Kor.3:18).
– Dat ons die rykdom van die heerlikheid van God se geheimenis, Christus in ons, die hoop op heerlikheid, sal ken (Kol.1:27).
– Dat God ons 'n nuwe hart en 'n nuwe gees sal gee, en die hart van klip sal verwyder (Eseg.11:19).

Vader opnuut kom kniel ons in gebed om U aangesig te soek vir dit wat op hart is vir ons gemeente. Ons pleit diep afhanklik Here Jesus

– Maak asseblief U hartklop vir ons gemeente bekend…openbaar U planne dat U gemeente leiers duidelik sal hoor en uitvoer wat U vir hulle wys.
– Maak ons tog 'n biddende gemeente asseblief Here. 'n Gemeente vir wie intimiteiet met die drie-enige God 'n prioriteit is.
– vir die uitbreiding van selgroepe in ons gemeente. Ons weet hoe bitter nodig dit is vir elkeen om in 'n selgroep ingeskakel te wees.
– Vir 'n kragtige jeugbediening in ons gemeente om ons jeug toe te rus en ook dat hulle sal kom.

Dag 35 op 24 FEBRUARIE Handelinge 17:1-15

Die oproer in Tessalonika

1Paulus-hulle het deur Amfipolis en Apollonië na Tessalonika toe gereis, waar daar ’n Joodse sinagoge was. 2Soos dit Paulus se gewoonte was, het hy daarheen gegaan en op drie sabbatdae na mekaar uit die Skrif met die Jode geredeneer. 3Hy het die Skrif uitgelê en daaruit aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dood moes opstaan. “Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig,” het hy gesê, “Hý is die Christus.”

4Party van die Jode het oortuig geraak en by Paulus en Silas aangesluit. ’n Groot aantal godvresende Grieke en ’n aansienlike getal vooraanstaande vroue het ook nog bygekom.

5Maar die Jode was hieroor afgunstig en het met die hulp van ’n klomp nikswerd leeglêers ’n betoging op tou gesit wat die stad in oproer gebring het. Hulle het na Jason se huis toe opgeruk en wou vir Paulus en Silas hê om hulle voor die volk te bring. 6Toe die Jode hulle nie kry nie, sleep hulle vir Jason en ’n paar ander gelowiges na die stadsbestuur toe en skreeu: “Dit is die mense wat die hele wêreld in beroering bring. Hulle is nou hier in ons stad, 7en Jason het vir hulle huisvesting gegee. Hulle handel almal in stryd met die keiser se wette en sê dat daar ’n ander koning is, Jesus!”

8Die mense en die stadsbestuur was ontsteld toe hulle dit hoor, 9maar nadat hulle van Jason en die ander gelowiges die nodige waarborg gekry het, is hulle losgelaat.

Paulus en Silas in Berea

10Sodra dit donker was, het die gelowiges vir Paulus en Silas na Berea toe gestuur. Daar aangekom, het hulle na die Joodse sinagoge toe gegaan.

11Die mense daar was ontvankliker as dié in Tessalonika. Hulle het met groot belangstelling na die woord geluister en elke dag die Skrif ondersoek om te sien of dit is soos Paulus sê. 12Baie van die Jode het gelowig geword en ook heelparty van die Grieke, mans sowel as vooraanstaande vroue.

13Toe die Jode in Tessalonika egter hoor dat Paulus die woord van God ook in Berea verkondig, het hulle ook dáár oproer gaan stook en die mense opgesweep. 14Die gelowiges het dadelik vir Paulus na die kus toe laat wegbring, maar Silas en Timoteus het daar agtergebly. 15Die mense wat vir Paulus begelei het, het hom tot by Atene gebring en toe teruggegaan met die opdrag van Paulus aan Silas en Timoteus om so gou as moontlik na hom toe te kom.

Daar’s niks nuuts onder die son nie Sleutelvers: Hand. 17:6

Betogings kom reeds baie jare lank voor. Niemand minder nie as Paulus was die oorsaak van ’n groot betoging in die stad Tessalonika.

Uit Filippi vertrek Paulus na Tessalonika in die Romeinse provinsie Masedonië. Hier het hy vir drie sabatte in die sinagoge gepreek en ’n groot aantal mense het tot bekering gekom. Die Jode was nie tevrede met hierdie toedrag van sake nie en besluit om ’n groot betoging van stapel te stuur. Hulle maak toe ’n klompie werkloses bymekaar en laat hulle deur die stad marsjeer. Kort voor lank was alles en almal in rep en roer.

Die oproeriges se plan was om Paulus en Silas gevange te neem. Toe die skare hulle nie in die hande kon kry nie, het hulle vir Jason, wat aan Paulus huisvesting gegee het, en ’n paar ander gelowiges voor die stadsraad gesleep.

“Hierdie mense keer die wêreld onderstebo,” het die skare vir die stadsvaders gesê. “Ja, hulle sê selfs dat daar ’n nuwe Koning in die plek van die keiser is.”

Dit is verskriklik om te dink dat die evangelie die oorsaak van ’n betoging kan wees, maar eintlik was die aanklaers reg toe hulle gesê het dat die boodskap wat Paulus verkondig, die hele wêreld in beroering bring. Tot vandag toe is dit so.

Die evangelie is nie ’n susmiddel nie. Dit lei soms tot betogings en bakleiery en tronkstraf. Dit laat geen mens op aarde onaangeraak nie. Óf jy kom staan aan Jesus se kant en dra sy kruis saam met Hom, óf jy kies kant teen Hom en doen jou bes om die evangelie te diskrediteer.

In ons dag is die Christendom steeds nie populêr nie. Die teenstanders van die evangelie het net meer gesofistikeerd geword. Onder allerlei rookskerms soos godsdiensvryheid word die Christendom vandag subtiel ondergrawe. Alle godsdienste is volgens hierdie mense gelyk en almal se goeie eienskappe moet van die skoolbanke tot in die politiek ontgin word. As Paulus dit geglo het, sou hy rustig in Jerusalem as Fariseër aangebly het. Dan sou hy almal in Tessalonika, die Jode inkluis, toelaat om rustig aan te gaan om hul eie godsdienste te beoefen.

Ek en jy dien die lewende Here. Ons kan nie oor Hom swyg nie, al keer dit die wêreld onderstebo.

Wanneer die evangelie die wêreld omkeer, dan wil ek graag deel wees van die onderstebo kant.

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir die redding van verlorenes...

– Vader U begeer dat alle mense gered sal word en tot kennis van die waarheid sal kom (1Tim.2:4).
– Die dood van ‘n goddelose behaag U nie Vader. U het behae daarin as iemand terugdraai van verkeerde weë (Eseg.18:23).
– Here U is geduldig met ons want U wil nie dat iemand verlore gaan nie, maar dat almal hulle tot Hom bekeer (2Pet.3:9).
– Here Jesus U het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en U lewe te gee as losprys vir baie (Mar.10:45).
– Die verlorenes sal hoop vind in die Naam van Jesus (Mat.12:21). Daaarom bid ons en pleit ons
– Dat die Heilige Gees die mense in ons hierdie land sal oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh.16:7-8).
– Dat God die Vader die harte van mense na Hom sal trek (Joh.6:44).
– Ons weet dat deur U genade o God is bekering en vergiffenis van sonde vandag nog steeds beskikbaar vir ongelowiges (Luk.24:47).

Ek kom bid vanoggend vir 5 ongereddenes om tot bekering en niuwe lewe vernuwe te word

1.
2.
3.
4.
5.

Dag 36 op 25 FEBRUARIE Handelinge 17:16-34

Paulus in Atene

16Terwyl Paulus in Atene vir Silas en Timoteus wag, het hy baie verontwaardig geword toe hy
sien hoe vol afgodsbeelde die stad is. 17Hy het in die sinagoge met die Jode en die
godvresendes geredeneer en elke dag op die stadsplein met die verbygangers gepraat. 18'n
Paar wysgere, Epikureërs en Stoïsyne, het met hom gestry. Party het gesê: "Wat sou hierdie
praatjiesmaker tog wil sê?" Ander het gesê: "Dit lyk of hy 'n boodskapper van vreemde gode is."
Dit was omdat Paulus die evangelie van Jesus en sy opstanding verkondig het.

19Hulle het hom na die Areopagus toe geneem en gesê: "Kan ons te wete kom wat hierdie
nuwe leer is wat jy verkondig? 20Party van die dinge wat jy sê, klink vir ons vreemd, en ons wil
graag weet wat dit beteken."

21Die Ateners in die algemeen en die uitlanders wat daar gewoon het, het hulle tyd aan niks
anders bestee as om iets nuuts te sê of te hoor nie. 22Paulus het toe in die middel van die
Areopagus gaan staan en gesê: "Ateners, ek sien dat julle in alle opsigte baie godsdienstig is.
23Terwyl ek deur julle stad geloop en kyk het na die plekke waar julle aanbid, het ek ook 'n
altaar gekry waarop geskrywe staan: 'Aan 'n onbekende god.'

"Nou ja, wat julle aanbid sonder om daarvan kennis te hê, verkondig ek aan julle. 24God, wat
die wêreld met alles wat daarin is, gemaak het, hý is die Here van hemel en aarde, en Hy woon
nie in tempels wat deur mense gemaak is nie. 25Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg
nie. Inteendeel, dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee. 26Uit een mens het Hy al
die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe
lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon. 27God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou
hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons af nie, 28want deur
Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons. Of soos party van julle digters ook gesê het: 'Ons
stam ook van Hom af.' 29Aangesien ons dan self van God afstam, moet ons nie dink dat die
Godheid aan beelde van goud, silwer of klip gelyk is nie. Dit is bloot skeppinge van menslike
vaardigheid en verbeelding.

30"God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep Hy al die mense oral op om hulle
te bekeer, 31want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur
'n Man wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat
opstaan."

32Toe hulle van die opstanding uit die dood hoor, het party hom uitgelag, maar party het
gesê: "Ons sal jou weer hieroor wil hoor."

33So het Paulus van hulle af weggegaan. 34'n Paar mense het egter gelowig geword en by
hom aangesluit. Onder hulle was daar Dionisius, 'n lid van die Areopagus, en 'n vrou met die
naam Damaris en nog ander saam met hulle.

Filosofie en godsdiens op die markplein **Sleutelvers: Hand. 17:28**

In die tyd toe Paulus geleef het, was daar baie filosofiese skole en strominge regoor die Romeinse Ryk. Twee van die bekendste groepe was die Stoïsyne en Epikuriërs.

Die Stoïsyne is deur 'n geleerde met die naam Zeno gestig. Hy het van 336-264 v.C. geleef. Hulle het oral in die Romeinse Ryk leerskole gehad, soos in Tarsus, Paulus se tuisdorp.

Die Stoïsyne het geglo dat 'n onsigbare goddelike krag alles en almal in die heelal deurdring. Hierdie onsigbare krag werk in almal en bepaal elke mens se lot. Mens moes daarom op so 'n manier leef dat jy in pas met hierdie goddelike krag bly. Lyding moes met waardigheid gedra word. Streng selfbeheersing oor emosies en gevoelens was ook van groot belang.

Die Epikuriërs se leier was Epikurus (341-270 v.C.). Hy was 'n materialis en het nie belang gestel in die bestaan van gode of in die lewe na die dood nie. Vir hom was die hoogste doel die soeke na persoonlike geluk.

Paulus was goed op hoogte met hierdie twee populêre filosofiese skole se opvattings. Dit was daarom vir hom geen verrassing of skok dat hulle hier in Atene, in die hart van die Griekse filosofie, met hom verskil het nie.

In sy briewe reageer Paulus plek-plek teen hulle opvattings. In 1 Korintiërs 15:32 som hy die opvattings van die Epikuriërs op: “Laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons.” Hy het ook die Stoïsynse opvattings oor lyding in sy eie briewe radikaal aangepas deur dit met Jesus in verband te bring, soos in Filippense 4:11 waar hy sê dat hy tot alles in staat is deur Christus wat hom krag gee.

Saam met die Stoïsyne kon Paulus sê dat ons as mense deur God se toedoen lewe, beweeg en bestaan. Maar anders as hulle was God glad nie vir hom ’n onpersoonlike mag nie. Nee, die God van Paulus is juis ’n persoonlike God wat in Christus sy hart aan ons kom wys het. Jesus het immers onder ons kom lewe.

Natuurlik het die filosowe nie saamgestem met Paulus se opmerking dat Jesus uit die dood opgewek is nie. Volgens hulle was daar ’n wesenlike verskil tussen gode en mense. Gode neem nooit minderwaardige menslike gestaltes permanent aan en gaan dan dood nie. Daarom het hulle Paulus uitgelag. Maar gelukkig het God mense tot geloof in Paulus se woorde beweeg deur die werk van sy Gees.

Gelukkig dien ons nie dooie filosofiese opvattinge nie, maar die lewende God. Daarom kan ons ware vreugde ken omdat ons ’n hemelse toekoms by God het.

Ek en my gesin kan vrolik wees omdat ons vir Christus ken. Ook in swaarkry kan ons ons hand in Syne plaas.

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir die verkondiging van die Evangelie...deur ons gemeent

– Ek skaam my nie vir die Evangelie nie, want dit is God se verlossingskrag (Rom.1:16).
– Dat Christene hul oë sal oopmaak om die siele-oes raak te sien (Joh.4:35).
– Dat die Kerk opnuut sal besef dat ons opdrag is om die goeie nuus te verkondig. (Mar.16:15).
– Here van die Oes, stuur werkers na die oesland (Mat.9:37-38).
– “Hier is ek. Stuur my!” (Jes.6:8).
– Dat die evangelie vinnig sal versprei en geëer word (Hand.13:49).
– Vir ‘n oop deur vir die Boodskap (Kol.4:3-4).
– Vir vrymoedigheid om die geheimenis van die evangelie vreesloos te verkondig (Ef.6:19-20).
– Dat God die oë van ongelowiges sal oopmaak, sodat hulle kan wegdraai van die duisternis na die lig en van die mag van Satan na God (Hand.26:18).
– Dat die Kerk haarself onberispelik sal gedra tussen die ongelowiges van ons land (1Pet.2:11-12).
– Dat ons ons geloof effektief sal uitdra (Flm.1:4-6).

Dag 37 op 26 FEBRUARIE Handelinge 18:1-23

Paulus in Korinte

1Hierna het Paulus Atene verlaat en na Korinte toe gegaan. 2Daar het hy vir Akwila, ’n Jood wat in Pontus gebore is, ontmoet. Hy het kort tevore saam met sy vrou, Priscilla, uit Italië daar aangekom, nadat keiser Claudius beveel het dat al die Jode Rome moet verlaat. Paulus het hulle gaan opsoek, 3en omdat hulle net soos hy tentmakers van beroep was, het hy by hulle ingetrek en saam met hulle gewerk. 4Maar elke sabbatdag het hy in die sinagoge met die mense geredeneer en Jode en Grieke probeer oortuig.

5Nadat Silas en Timoteus van Masedonië af gekom het, het Paulus al sy tyd bestee aan die prediking om die Jode daarvan te oortuig dat Jesus die Christus is. 6Maar toe hulle hulle aanhou verset en hom beledig, het hy die stof van sy klere afgeskud en vir hulle gesê: ”As julle verlore gaan, is dit julle eie skuld. Ek aanvaar nie die verantwoordelikheid daarvoor nie. Van nou af gaan werk ek onder mense wat nie Jode is nie.”

7Toe het hy die sinagoge verlaat en na die huis toe gegaan van ’n godvresende man met die naam Titius Justus. Sy huis was net langs die sinagoge. 8Krispus, die hoof van die sinagoge, en sy hele huisgesin het tot geloof in die Here gekom. Ook baie ander mense in Korinte wat die boodskap gehoor het, het gelowig geword en is gedoop.

9Een nag het die Here in ’n gesig vir Paulus gesê: ”Moenie bang wees nie; hou aan met preek en moenie stilbly nie, 10want Ek is by jou. Niemand sal jou aanval of jou kwaad aandoen nie, want in hierdie stad behoort baie mense aan My.”

11Paulus het ’n jaar en ses maande lank daar gebly en die mense onderrig in die woord van God.

12Nadat Gallio goewerneur van Agaje geword het, het die Jode egter soos een man teen Paulus in opstand gekom en hom voor die hof gebring. 13“Hierdie man,” het hulle gesê,” probeer die mense oorhaal om God op ’n manier te vereer wat in stryd is met ons wet.”

14Paulus wou praat, maar toe sê Gallio vir die Jode: “As dit oor ’n onreg of ’n ernstige misdaad gegaan het, was dit my plig om geduldig na julle Jode te luister. 15Maar aangesien dit ’n geredekawel is oor woorde en name en julle eie wet, moet julle self daaroor beslis. In sulke sake wil ek nie regter wees nie.”

16Daarna het hy hulle uit die hof uitgejaag. 17Hulle het toe almal vir Sostenes, die hoof van die sinagoge, gegryp en hom net daar voor die regbank aangerand. Gallio het hom egter niks daaraan gesteur nie.

Paulus kom terug na Antiogië toe

18Nadat Paulus nog ’n tyd lank daar by die gelowiges in Korinte gebly het, het hy van hulle afskeid geneem en saam met Priscilla en Akwila na Sirië toe vertrek. Voordat hy in Kenchreë aan boord gegaan het, het hy sy hare laat afsny, omdat ’n gelofte wat hy afgelê het, vervul was.

19By hulle aankoms in Efese het Paulus sy reisgenote verlaat en in die sinagoge in gegaan, waar hy met die Jode geredeneer het. 20Hulle het hom gevra om langer te bly, maar hy wou nie. 21Hy het van hulle afskeid geneem en gesê: “As God wil, kom ek na julle toe terug.”

Hy het van Efese af weggegaan 22en in Sesarea aangekom. Daarvandaan het hy Jerusalem toe gegaan en die gemeente gegroet, en toe na Antiogië toe vertrek, 23waar hy ’n tyd lank gebly het.

Derde sendingreis

Daarna het hy weer vertrek en deur die landstreek van Galasië en Frigië gereis. Oral het hy die gelowiges geestelik versterk.

Is daar darem ’n vers twee? Sleutelverse: Hand. 18:9-10

Ons het vroeër al ’n slag oor “vers twee” van die evangelie gepraat. Kom ons praat vandag vanuit ’n ander perspektief weer daaroor.

Tot dusver in Handelinge lees ons baie van swaarkry en lyding. Ook in Korinte is Paulus mishandel. Dit klink amper asof “vers een” van die evangelie volgens Handelinge lyding en teenstand is. Mens sou selfs wou vra of daar nie darem ’n meer optimistiese “vers twee” ook is nie.

Handelinge kan mens laat voel dat Christene hier op aarde net moet ly en swaarkry. Daarmee saam kan dit jou ook verskriklik skuldig laat voel, veral as dit met jou goed gaan.

Handelinge vertel vir ons van Paulus se swaarkry om ons daarop attent te maak dat die evangelie met groot moeite en teenstand sy wortels hier op aarde ingeplant het. Maar Lukas wil meer vir ons sê.

• Hy wil ook hê dat ons sal sien dat die evangelie op elke plek waar dit verkondig is, groot bevryding gebring het. Oral het dit lewe en oorvloed vir sondaars gebied.

• Lukas wil ook vir ons wys hoe God sy hand oor sy kerk hou. Telkens wanneer daar swaarkry aan die kom was, het God deur sy Gees sy dienaars kom versterk. In Handelinge 18 lees ons juis hoedat Paulus deur God bemoedig word om aan te hou met sy prediking in die stad Korinte. God het hom verseker dat Hyself tree vir tree by hom sou wees.

• Lukas wys ook vir ons daarop dat ons God groter is as al die teenstand wat mense teen die evangelie kan bied. Wanneer ’n towenaar of ’n waarsêer, byvoorbeeld, probeer het om die evangelie te diskrediteer, het God hulle eenvoudig uit die pad gevee. En wanneer ’n klomp mense probeer het om die evangelie stil te kry, dan het God dit so beskik dat sy dienaars die evangelie nog harder en duideliker laat weerklink het.

Mense kan nie God se planne fnuik nie. Ten spyte van alle teenstand en terugslae beur die evangelie voort en gaan dit van krag tot krag. Dit is soos ’n mosterdsaadjie wat altyd groter en groter groei. God self waarborg sy teenwoordigheid by elkeen wat sy Woord uitdra.

God is by ons. Daarom kan ons gehoorsaam op sy pad voortstap.

ONS BID VIR ONS GEMEENTE Om God se krag te ken

– Om te glo: Aan God behoort alle sterkte (Ps.62:12).
– Om die onmeetlike grootheid van sy krag namens ons wat glo, te ken (Ef.1:19).
– Om deur die Gees met krag versterk te word in ons innerlike wese (Ef.3:16).
– Dat ons geloof in die krag van God sal rus (1Kor.2:5).
– Om te glo dat Jesus die presiese weergawe van God se wese is en dat Hy die heelal deur die Woord van sy krag onderhou (Heb.1:3).

Vader opnuut kom kniel ons in gebed om U aangesig te soek vir dit wat op hart is vir ons gemeente. Ons pleit diep afhanklik Here Jesus

– Maak asseblief U hartklop vir ons gemeente bekend…openbaar U planne dat U gemeente leiers duidelik sal hoor en uitvoer wat U vir hulle wys.
– Maak ons tog ‘n biddende gemeente asseblief Here. ‘n Gemeente vir wie intimiteiet met die drie-enige God ‘n prioriteit is.
– vir die uitbreiding van selgroepe in ons gemeente. Ons weet hoe bitter nodig dit is vir elkeen om in ‘n selgroep ingeskakel te wees.
– Vir ‘n kragtige jeugbediening in ons gemeente om ons jeug toe te rus en ook dat hulle sal kom.

Dag 38 op 27 FEBRUARIE Handelinge 18:24-19:22

Apollos preek in Efese

24Intussen het daar ’n Jood met die naam Apollos, wat in Aleksandrië gebore is, in Efese aangekom. Hy was ’n begaafde spreker met ’n deeglike kennis van die Skrif. 25Hy het in die leer van die Here onderrig ontvang en het met groot geesdrif gepraat en aan ander noukeurig alles oor Jesus geleer; maar die doop waarvan hy geweet het, was net dié van Johannes. 26Hy het met vrymoedigheid in die sinagoge begin preek. Toe Priscilla en Akwila hom hoor, het hulle hom huis toe geneem en vir hom die leer van God nog duideliker gemaak.

27Toe Apollos na Agaje toe wou gaan, het die gelowiges hom aangemoedig en vir hom ’n brief saamgegee aan die gelowiges daar om te versoek dat hulle hom vriendelik moet ontvang. Daar aangekom, was hy tot groot hulp vir dié wat deur die genade van God gelowig geword het, 28want hy het die Jode in die openbaar kragtig weerlê en uit die Skrif bewys dat Jesus die Christus is.

Paulus in Efese

Terwyl Apollos in Korinte was, het Paulus deur die binneland gereis en in Efese gekom. Daar het hy ’n groepie gelowiges gekry 2vir wie hy gevra het: “Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?”

“Ons het nog nie eens gehoor of die Heilige Gees al gekom het nie,” het hulle geantwoord.

3“Watter soort doop het julle dan ontvang?” vra hy toe.

“Die doop van Johannes,” antwoord hulle.

4Daarop sê Paulus: “Johannes het die mense gedoop as hulle hulle bekeer het. Maar hy het vir die volk gesê dat hulle in die Een moet glo wat ná hom kom, dit is in Jesus.”

5Toe hulle dit hoor, het hulle hulle in die Naam van die Here Jesus laat doop. 6Paulus het hulle ook die hande opgelê. Toe het die Heilige Gees op hulle gekom, en hulle het ongewone tale of klanke gebruik, en hulle het geprofeteer. 7Hulle was altesaam omtrent twaalf.

8Paulus het drie maande lank met vrymoedigheid in die sinagoge geredeneer oor die koninkryk van God en die mense daarvan probeer oortuig. 9Maar party was koppig en wou hulle nie laat oortuig nie. Hulle het ook in die openbaar die leer van die Here belaglik probeer maak. Toe het Paulus hulle verlaat en die gelowiges afsonderlik geneem en daagliks in die saal van Tirannus besprekings gehou. 10Dit het twee jaar lank so aangehou, sodat al die inwoners van die provinsie Asië, Jode sowel as Grieke, die woord van die Here gehoor het.

Die seuns van Skeva

11God het deur Paulus wonderbaarlike dinge gedoen. 12Selfs doeke of voorskote wat aan sy lyf geraak het, is op siekes gesit en dan het hulle siektes verdwyn; en die bose geeste het uit hulle uitgegaan.

13Party Jode wat rondgegaan het om bose geeste te besweer, het dit ook gewaag om die Naam van die Here Jesus daarvoor te gebruik. Hulle het gesê: “Ek besweer julle in die Naam van dié Jesus wat deur Paulus verkondig word.” 14Dit was die sewe seuns van ’n Joodse priesterhoof, Skeva, wat dit gedoen het.

15Maar een van die bose geeste het vir hulle gesê: “Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?”

16Die man met die bose gees spring toe onder hulle in en oorweldig hulle. Hy was te sterk vir hulle, sodat hulle kaal en stukkend geslaan uit daardie huis gevlug het.

17Al die Jode en Grieke wat in Efese gewoon het, het daarvan te hore gekom. Vrees het hulle almal oorval, en die Naam van die Here Jesus is geprys. 18Baie van die mense wat gelowig geword het, het ook gekom en al hulle towerpraktyke openlik bely en bekend gemaak. 19Heelparty van die mense wat toorkunste beoefen het, het hulle boeke gebring en voor almal

verbrand. Hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftig duisend silwermuntstukke werd was.

20So het die woord van die Here sy krag getoon en al hoe verder versprei.

Die oproer in Efese

21Na hierdie gebeurtenisse het Paulus besluit om deur Masedonië en Agaje te reis en na Jerusalem toe te gaan. “Nadat ek daar was,” het hy gesê, “moet ek Rome ook besoek.”

22Hy het twee van sy helpers, Timoteus en Erastus, vooruit gestuur Masedonië toe, maar self nog ’n tyd lank in die provinsie Asië agtergebly.

Truuks help eenvoudig nie Sleutelverse: Hand. 19:11-20

Die duiwel en sy bose handlangers was veral vir die Jode ’n gevaarlike mag wat in mense kon invaar. Daarom was daar baie Joodse duiweluitdrywers in die Romeinse Ryk wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle mense van demone kon bevry.

Duiweluitdrywers het allerlei hulpmiddels en truuks gebruik om duiwels uit te dryf. Een van die gewildste metodes was om vir mense homeopatiese middels in te gee. ’n Ander truuk was om die name van elke moontlike godheid wat die duiwelbesweerder geken het, oor die besetene uit te roep. Daardeur het hulle die bose magte probeer intimideer deur hulle met ander gode bang te maak.

Die seuns van Skeva, ’n Joodse priesterhoof, het in Efese as duiwelbesweerders gewerk. Hulle het ook agtergekom hoe Paulus met groot krag in die Naam van Jesus optree. Siekes het gesond geword en duiwels het die wyk geneem waar Jesus Christus se vrymakende evangelie deur hom verkondig is.

Toe het hierdie seuns van Skeva besluit om ook Jesus en Paulus se name te gebruik om demoniese magte uit te dryf. Hierdie manne was egter nie Christene nie en Christus het nie deur sy Gees in hulle gewoon nie. Hulle wou dus maar net nog ’n truuk tot hulle arsenaal byvoeg. Hulle plan het lelik geboemerang. In plaas daarvan dat die duiwels uit hulle volgende geval gewyk het, het een van hulle teen hulle gedraai en hulle aangeval.

Daar is maar net een beskutting teen die duiwel, naamlik die krag van die Heilige Gees. Moenie in jou eie krag teen die Bose probeer staan nie. Vertrou net op Jesus Christus; Hy alleen is die oorwinnaar oor alle magte en kragte. Saam met Hom is jy in die meerderheid. Hy is altyd tot hulp en bystand gereed.

Die Here se krag is onuitputlik. Ons kan en moet elke dag daaruit leef. Dit is ons beskutting teen die Bose.

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, teen die Bose...

– Om hierdie rede is die Seun van God geopenbaar om die werke van Satan te vernietig (1Joh.3:8).
– Ons verklaar dat Jesus die naam bo alle name gekry het, en dat elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus die Here is (Fil.2:10-11).
– Ons verklaar dat Jesus ons alle outoriteit oor die mag van die vyand gegee het (Luk.10:19).
– Ons verklaar dat ons wapens goddelike krag het om vestings neer te werp en argumente en opinies wat teen die kennis van God gerig is, te vernietig (2Kor.10:5-6).
– Ons verklaar dat Jesus Christus deur Sy sterwe aan die kruis al die owerhede en magte ontwapen het (Kol.2:13-15).
– Ons verklaar dat ons uit die mag van die duisternis gered is en geplant is in die koninkryk van die Seun van God (Kol.1:13- 14).
– Ons verklaar dat die dood van Jesus Christus, die een wat die mag oor die dood besit het, vernietig het, en diegene wat gebind was deur die vrees vir die dood, vrygemaak het (Heb.2:14-15).
– Ons verklaar: dat Hy wat in ons is, is sterker as hy wat in die wêreld is (1Joh.4:4).
– Dat die God van vrede binnekort vir Satan onder ons voete sal vertrap (Rom.16:20).

Dag 39 op 28 FEBRUARIE Handelinge 19:23-40

23Juis toe het daar ’n groot opskudding ontstaan oor die leer van die Here. 24’n Silwersmid
met die naam Demetrius het silwerbeelde van die tempel van Artemis gemaak en vir die
vakmanne ’n goeie verdienste verskaf. 25Hy roep hulle en ander mense wat soortgelyke werk
doen, toe bymekaar en sê vir hulle: “Mense, julle weet dat ons voorspoed van hierdie werk
afhang. 26Julle sien en hoor self dat hierdie Paulus daarin geslaag het om nie net in Efese vir
hom ’n groot aanhang te kry nie, maar ook in byna die hele provinsie Asië. Hy sê dat goed wat
met die hand gemaak word, nie gode is nie. 27Ons bedryf staan in gevaar om ’n slegte naam te
kry. En nie net dit nie. Die gevaar is ook dat die tempel van die groot godin Artemis sy
betekenis sal verloor en dat sy van haar grootheid berowe sal word, hierdie godin wat in die
hele provinsie Asië en oor die hele wêreld vereer word.”
28By die aanhoor hiervan het hulle woedend geword en geskreeu: “Groot is Artemis van die
Efesiërs!”
29Die oproer het oor die hele stad uitgebrei. Soos een man het die mense na die amfiteater
toe gestorm. Hulle het vir Gaius en Aristargos, twee Masedoniërs wat saam met Paulus gereis
het, gegryp en saamgesleep.
30Paulus wou self met die skare gaan praat, maar die gelowiges wou hom dit nie toelaat nie.
31Ook het party van die hoë amptenare van die provinsie Asië wat goedgesind was teenoor
Paulus, vir hom ’n boodskap gestuur om hom te waarsku om nie na die amfiteater toe te gaan
nie.
32Almal het deurmekaar geskreeu, en die hele vergadering was in die war. Die meeste
mense het nie geweet hoekom hulle daar bymekaar was nie. 33Toe die Jode vir Aleksander
vorentoe stoot, het party van die mense vir hom gesê wat aan die gang is. Hy het met sy hand
gewys dat hy iets vir die volk wil sê. 34Maar toe hulle merk dat hy ’n Jood is, het hulle almal
byna twee uur lank uit een mond aangehou skreeu: “Groot is Artemis van die Efesiërs!”
35Uiteindelik het die stadsklerk daarin geslaag om die skare tot bedaring te bring. “Efesiërs,”
het hy gesê, “watter mens weet nou nie dat die stad van die Efesiërs die beskermer is van die
tempel van die groot Artemis en van haar beeld wat uit die hemel geval het nie? 36Niemand
kan dit betwis nie. Bedaar dus en moenie iets oorhaastigs doen nie. 37Julle het hierdie mans
hierheen gebring alhoewel hulle nie die tempel berowe of ons godin belaster het nie. 38Die
hofsittings word gehou, en daar is regters. As Demetrius en sy vakmanne ’n klag teen iemand
het, laat hulle mekaar daar gaan aankla. 39En as julle verder wil gaan, moet die saak op ’n
wettige volksvergadering behandel word, 40want ons loop gevaar om van opstand aangekla te
word oor die dinge wat vandag hier gebeur het. Daar is geen rede vir hierdie oploop nie, en ons
sal dit nie kan verantwoord nie.”
Deur dit te sê, het hy die byeenkoms uitmekaar laat gaan.

Geld versus God Sleutelvers: Hand. 19:26

Geld is ’n groot mag. Diegene wat baie daarvan het, is vandag die belangrike en invloedryke persone in die samelewing. Diegene wat min daarvan het, tel eenvoudig nie in ander mense se oë nie.

Mens sien elke dag hoe ander rondom jou net vir geld leef. Veral ons as mans kan so materialisties raak dat ons later net oor geld praat, dink en droom. Dit word naderhand ’n obsessie.

Toe Paulus in Efese was, het hy ook homself die gramskap van die besigheidsmanne op die hals gehaal. Sy evangelie was so suksesvol dat sekere besighede begin doodloop het. Veral die afgodsbeeldbedryf het begin skade lei omdat baie mense tot bekering gekom het en al hulle mensgemaakte gode by die agterdeur uitgegooi het. Diana of Artemis, die groot godin van die Efesiërs, en al die vakmanne wat haar afbeeldings vervaardig het, het so groot skade gely.

Demetrius het toe die ander vakmanne bymekaargeroep en vir hulle gesê dat hulle binnekort bankrot gaan wees as Paulus so aangaan. En as ’n troosprys het hy bygevoeg dat hulle godin

ook sonder enige aanbidders gaan wees. Daarom het hulle ’n groot opstand georganiseer wat die hele stad in rep en roer gehad het.

Hierdie opstand het naderhand die stadsvaders van Efese betrek. Gelukkig was daar ’n verstandige stadsklerk wat die oproeriges oortuig het dat hulle eintlik teen die wet optree en dat dit groot moeilikheid vir almal inhou. So is die krisis ontlont.

Geld hoef nie teenoor die evangelie te staan nie. Ongelukkig staan die waardes onderliggend aan die evangelie en die waardes onderliggend aan geld dikwels lynreg teenoor mekaar. Geld maak mense dikwels selfsugtige wesens wat net vir hulleself omgee. Dit laat hulle bo-oor enigiemand loop wat in hulle pad staan.

Hierteenoor maak die evangelie dat jy juis ander mense raaksien. Dit laat jou nie oor hulle loop nie, maar langs hulle en saam met hulle.

Wie of wat het voorkeur in jou lewe: God of geld?

Ek dien God ook met my geld.

Here Jesus Christus, hoor ons gebed, volgens U Woord, vir die armes en behoeftiges...

– Dat U die armes sal red van dié wat hulle uitbuit (Ps.72:4).
– Dat U ons sal vergewe omdat ons nie die armes help soos ons moet nie, selfs al het ons oorvloed kos en gemak (Eseg.16:49).
– Dat die Kerk God se opdrag aan ons ‘... en maak julle hand wyd oop vir die armes in jou land’, sal nakom (Deut.15:11).
– Dat dié wat in armoede verval het die geleentheid sal kry om vaardighede aan te leer, ‘n werk te kry en om gewilliglik vir hulself te sorg (Sp.10:4; 28:19).

Vader opnuut kom kniel ons in gebed om U aangesig te soek vir dit wat op hart is vir ons gemeente. Ons pleit diep afhanklik Here Jesus

– Maak asseblief U hartklop vir ons gemeente bekend…openbaar U planne dat U gemeente leiers duidelik sal hoor en uitvoer wat U vir hulle wys.
– Maak ons tog ‘n biddende gemeente asseblief Here. ‘n Gemeente vir wie intimiteiet met die drie-enige God ‘n prioriteit is.
– vir die uitbreiding van selgroepe in ons gemeente. Ons weet hoe bitter nodig dit is vir elkeen om in ‘n selgroep ingeskakel te wees.
– Vir ‘n kragtige jeugbediening in ons gemeente om ons jeug toe te rus en ook dat hulle sal kom.

DAG 40 OP 29 EBRUARIE HANDELINGE 20:1-16

Paulus gaan na Masedonië en Griekeland toe

1Nadat die oproer bedaar het, het Paulus die gelowiges bymekaargeroep en hulle moed ingepraat. Daarna het hy hulle gegroet en Masedonië toe vertrek. 2Op sy reis deur daardie gebiede het hy die gelowiges telkens met sy prediking bemoedig.

Hy kom toe in Griekeland aan, 3waar hy drie maande gebly het. Toe hy op vertrek gestaan het Sirië toe, het hy van 'n Joodse komplot teen hom te hore gekom en besluit om deur Masedonië terug te gaan.

4Pirrus se seun Sopater van Berea het saam met Paulus gereis, en ook Aristargos en Sekundus, albei van Tessalonika, Gaius van Derbe, en Timoteus, asook Tigikus en Trofimus, albei van die provinsie Asië. 5Hulle het vooruitgegaan en in Troas vir ons gewag. 6Na die fees van die ongesuurde brood het ons van Filippi af met 'n skip vertrek en vyf dae later by hulle in Troas aangekom. Daar het ons sewe dae gebly.

Paulus in Troas

7Ons het die Sondag bymekaargekom vir die gemeenskaplike maaltyd. Paulus het die gelowiges toegespreek, en aangesien hy die volgende dag sou vertrek, het hy tot middernag aangehou. 8Daar was heelwat lampe in die bovertrek waar ons bymekaar was.

9'n Jongman met die naam Eutigus het op die vensterbank gesit. Hoe langer Paulus gepraat het, hoe vaker het Eutigus geword. Hy het naderhand vas aan die slaap geraak en uit die derde verdieping tot op die grond geval. Toe hulle hom optel, was hy dood.

10Paulus het ondertoe gegaan, hom oor Eutigus uitgestrek en hom teen hom vasgedruk en gesê: "Moet julle nie ontstel nie. Hy lewe!"

11Paulus het weer boontoe gegaan, brood gebreek en geëet. Hy het nog lank met hulle gepraat, tot dagbreek, en daarna vertrek. 12Die mense het toe die seun lewend weggebring huis toe.

Hulle was buitengewoon bemoedig deur alles.

Die reis van Troas na Milete

13Ons het vooruit per skip na Assus toe vertrek, waar ons vir Paulus aan boord sou neem. Dit was sy opdrag, omdat hy self oor land daarheen wou gaan. 14Toe hy ons in Assus kry, het ons hom aan boord geneem en na Mitilene toe gevaar. 15Daarvandaan het ons die volgende dag verder gevaar en tot regoor Chios gekom. Die dag daarna het ons Samos bereik en nog 'n dag later Milete.

16Paulus het besluit om by Efese verby te vaar, sodat hy nie tyd in die provinsie Asië sou verloor nie, want hy was haastig om, as dit kon, op pinksterdag in Jerusalem te wees.

Moed vir gelowiges Sleutelverse: Hand. 20:12, 7, 11

Paulus was 'n merkwaardige man. Hy moes ongetwyfeld baie innerlike krag en 'n onwrikbare geloof in God gehad het. Hy moes oor die sestien duisend kilometer tydens sy drie groot sendingreise in die Romeinse Ryk aflê, en hy moes maar te voet op die Romeinse handelsroetes oor die weg kom. Behalwe hierdie uitputtende reise te voet en die lang seevaarte (en skipbreuke) op die Middellandse See, het Paulus ook baie teenstand beleef in die verskillende plekke waar hy opgetree het.

Tog het hy nooit moed opgegee nie. Lukas vertel hier in hoofstuk 20 dat hy telkens die verskillende jong gemeentes wat as gevolg van sy prediking tot stand gekom het, bemoedig het. Hy was meer besorg oor sy geestelike kinders in die geloof as oor sy eie veiligheid.

In Troas het Paulus een Sondag 'n lang "toerustingsgeleentheid" met die gelowiges deurgebring. Tydens sy lang troospreek het Eutigus homself doodgeval uit die venster uit. Maar dit het Paulus nie te veel ontstel nie. Hy het die jongman eenvoudig uit die dood gaan

terugroep. Daar was nie nou tyd vir begrafnisse nie. Dit was nou tyd om gelowiges toe te rus. Daarom het Paulus vir Eutigus laat lewe en voortgegaan met sy prediking.

Paulus se merkwaardige optrede het die gelowiges baie bemoedig. Nog meer as ooit tevore was hulle nou oortuig dat hulle op die regte pad was. Hulle het gesien hoe God met groot krag in en deur sy dienskneg werk.

Ons het nie vandag meer vir Paulus by ons nie. Maar uit wat Lukas oor hom vir ons vertel, kan ons ook bemoedig word. En uit sy briewe kan ons die hart van God baie goed leer ken. Dit is ’n onuitputlike goudmyn van kennis en ’n bron van groot troos.

God bou ons geloof op deur sy Woord. Dit is die lig wat ons lewenspad elke dag verlig.

Tyd vir nadenke en gebed

Neem vanoggend tyd en skryf op die spasie hieronder wat die 40 Dae vir jou beteken het

Gebruik die tyd om God te dank vir alles wat Hy in hierdie 40 dae vir jou geopenbaar, verhoor en verander het

Wil jy nie moeite doen en ‘n paar van die sake op ‘n epos neerpen en aan Ds Gert stuur om anoniem in die gemeente te lees nie asseblief. Jy rig dit net aan gert@dubaigemeenete.com